

DIE SWART LUIPERD
No 64
MEIRING FOUCHE

Die Swart Luiperd sien iets wat sy hart amper gaan laat staan. Van die geboue se kant af kom Fritz Uhlmann en Nahri met 'n aantal inboorlinge aangehardloop.

Dit is nie dit wat hom die meeste ontstel nie. Wat sy bloed laat koud word, is die swart luiperd Rhaka. Die dier kom woedend vooruit en die Luiperdman besef dat dit vir hom die einde kan wees.

Hy dink aan die twee gelaaide rewolwers wat hy by hom dra. Hy het nog nooit kans gesien om hulle te gebruik nie, maar nou sal hy verplig wees om dit te doen.

Hy slinger die staf teen die naaste twee inboorlinge vas, sodat hulle terugsteier en toe pluk hy die twee rewolwers terselfdertyd uit. Die Swart Luiperd is een van die beste skuts in Afrika hoewel hy feitlik nooit 'n vuurwapen gebruik nie. Hy skiet egter 'n paar vinnige skote hier tussen die inboorlinge in, maar hy mik na hulle voete. Dit is genoeg om hulle die loop te laat neem in die rigting van die aanstormende Uhlmann. Hy skree aan hulle bevele maar dit help niks.

Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

No 64

R2
a.v.b uitgesluit



MEIRING FOUCHE

Toe die lang man die kroeg van die plattelandse hotelletjie naby die grens tussen Uganda en Zaire binnestap, word hy onmiddellik daarvan bewus dat hier 'n gees van opgewondenheid heers. Onaangename opgewondenheid.

Hy bestel vir hom 'n lang koeldrank want hy gebruik glad nie sterk drank nie. Die jagtershoed met die breë rand het hy laag oor sy gesig afgetrek want hy wil nie graag hier herken word nie. Die kroegman slaan ook nie veel ag op hom nie. Hy neem die glas met koeldrank, draai van die drinkbank af weg en gaan sit ver in 'n donker hoek.

Hy kan nie help om te luister na die gesprekke nie. Hier is 'n hele aantal mans in die kroeg. Blykbaar is hulle meesal jagters en Safarileiers. Hulle gesels baie druk en dit duur nie lank nie of die lang besoeker word getref daardeur dat die naam André baie dikwels genoem word. Blykbaar praat hulle almal oor die André en oor sy vrou.

Die lang man suig aan sy koeldrank en hy lei af dat iets besonders moes gebeur het met André en sy vrou. Maar presies wat, kan hy nog nie mooi uitmaak nie.

Die lang man voel moeg en daarom vertoef hy nie langer as wat nodig is in die kroeg nie. Die pratery oor André interesseer hom ook nie meer nie. Daarom drink hy net sy koeldrank klaar en staan op om uit te stap. Dit is reeds aand en hy moet nog sy diere gaan versorg. Hy wil net klaar eet en dan wil hy weer 'n slag in 'n bed gaan slaap. Dit gebeur maar min dat hy die weelde van 'n bed ken. Meeste van die tyd slaap hy op die grond onder die sterre.

Dit is toe hy opstaan om uit te stap, dat die kroegman aandagtig na hom kyk. Toe los hy 'n gekruide woord en teenoor die manne wat daar by die drinkbank staan, sê die kroegman: ,,So by my kool, daar gaan die Swart Luiperd.''

Die meeste van hulle weet nie waarvan hy praat nie. ,,Die Swart Luiperd?'' vra 'n Engelse Safarileier. ,,Waarvan praat jy nou, man?''

,,Ken jy nie die Swart Luiperd nie?'' vra die kroegman. ,,Hy is 'n legende in die woude van Afrika. Dalk kan hy help.''

Die Engelse Safarileier, Donald Jones kry skielik 'n ingewing. Hy sit sy glas vinnig neer en hardloop na die deur. Hy vat die lang man aan sy arm net toe hy wil uitstap.

,,Verskoon my,'' sê Jones. ,,Net 'n oomblikkie. Iemand sê my dat jy bekend is as die Swart Luiperd, dat jy die oerwoude goed ken.''

,Hulle noem my so,'' sê die lang vreemdeling en glimlag vir Jones. ,,Wat is die moeilikheid?''

,,Wil jy nie 'n paar woorde kom gesels nie? vra Jones. ,,Dit is iets wat jou seker sal interesseer.''

,,Kyk hier,'' vriend,'' sê die Swart Luiperd beslis. ,,Ek het vandag ver getrek en ek is moeg. Ek moet nog my diere gaan versorg en ek wil graag vroeg gaan slaap.''

,,Asseblief,'' sê Jones pleitend. ,,Ons sal jou nie lank ophou nie. Hier is iets wat jy behoort te weet, vriend. Dalk kan jy ons help.''

Teësinnig draai die Swart Luiperd om, en stap saam met Donald Jones terug na die drinkbank.

,,Wat drink jy?'' vra Jones.

,,Niks dankie,'' antwoord die Swart Luiperd. ,,Ek gebruik geen sterk drank nie.''

,,Luister hier,'' sê Jones vir almal wat daar staan. ,,Ek ken hierdie man nie maar ek hoor sy naam is die Swart Luiperd en hy ken hierdie oerwoude goed. Ek het hom gebring sodat ons met hom kan praat.''

Een of twee van hulle kom onmiddellik nader en kom groet hom. Ook die kroegman groet hom geesdriftig.

,,Ek het u nie herken nie. Daardie. . . daardie jagtershoed laat u anders lyk.''

Die Swart Luiperd glimlag. Hier het hy hom nou weer vasgeloop in iets terwyl hy so naarstiglik geprobeer het om ongesiens te bly.

,,Wie is jy eintlik, vriend?'' vra 'n opgewonde Amerikaanse grootwildjagter. ,,Ek het nog nooit van jou gehoor nie.'' Die Amerikaner kyk bewonderend na die man se kolossale liggaamsbou. Na die groot hoekige skouers, die swaar sterk nek, die donker hare en die lewendige oë. Hy kan sien dat hierdie voorwaar 'n man van die natuur is.

Die Luiperdman sê niks. Hy praat nie graag oor homself nie.

Dit is die geesdriftige kroegman wat hom aan die res bekendstel. ,,Hy is 'n Suid-Afrikaner,'' sê die kroegman. ,,'n Ware seun van die oerwoud. Sy enigste wapen is 'n pyl-en-boog en sy enigste metgeselle op sy reise deur die oerwoud is twee mak jagluiperds en 'n swart hings.''

,,Is dit die waarheid?'' vra die Amerikaner opgewonde.





,,Dit is naasteby waar,'' antwoord die Swart Luiperd en sy stem is diep en sterk.

,,Maar my liewe man,'' sê iemand, ,,dan is jy mos 'n ware Tarzan.''

Die Swart Luiperd vererg hom daaroor. ,,Nee,'' sê hy byna driftig. ,,'n Tarzan is ek nie. Ek is 'n doodgewone liefhebber van die natuur en die dierelewe. Ek trek baie deur die oerwoude, maar ek is nie uit op prestasie of op sensasie nie. Ek help waar ek kan en dit is die einde van die storie.''

Almal in die kroeg het nou kring getrek om hom. Die kroegman praat hier eenkant met Donald Jones. ,,Hy is eenvoudig fantasties,'' sê die kroegman. ,,Die dinge wat hy al aangevang het in die oerwoud, is eenvoudig ongelooflik. Ek dink nie daar is nog 'n man in Afrika wat die woude van Afrika en sy dierelewe so intiem ken soos hierdie man nie. Vertel hom gerus van André Dupont. As daar 'n man is wat kan help, dan is dit hy.''

Donald Jones drink sy glas vinnig leeg. Toe dring hy deur die kring wat om die Swart Luiperd gevorm is en hy kom staan vlak voor die lang man.

,,My vriend,'' sê Donald Jones. ,,Daar het 'n eienaardige ding gebeur, nie ver hiervandaan nie, naby die grens tussen Uganda en Zaire. 'n Vrou het daar verdwyn.''

,,'n Vrou?'' vra die Swart Luiperd. ,,Verdwyn? In watter omstandighede?''

,,Het jy al gehoor van André Dupont?''

,,Nee, ek is bevrees nie,'' antwoord die Swart Luiperd. ,,Maar is hy 'n Fransman?''

,,Dit is reg,'' sê iemand tussenin. ,,Hy is 'n Fransman.''

,,Ek sal vir jou die verhaal van Dupont vertel,'' sê Donald Jones. ,,Hy is 'n Fransman met baie geld. Hy het moeg geword vir die beskawing en uitgewyk hier na Uganda. Hy het vir hom 'n huis gebou ver in die wildernis waar niemand hom kan pla nie. Daar rus hy en daar skryf hy. Hy wil in die natuur wees en daarom het hy die beskawing verlaat en hom in hierdie afgeleë hoekie van Uganda kom vestig. André Dupont woon nou al seker drie jaar reg ten weste hiervandaan naby die grens van Zaire. Hy en sy vrou Vivienne. Sy is 'n aantreklike en 'n lewenslustige mens. Een van die beste vroueskuts wat ek ken. Sy het die natuur hartstogtelik lief, net soos haar man. Maar 'n dag of vier gelede het Vivienne spoorloos verdwyn.''

,,En haar man?'' vra die Luiperdman.

,,Haar man is hier,'' sê Donald Jones. ,,'n Boodskapper het

hier aangehardloop gekom en kom vertel van die verdwyning van mevrou Dupont. 'n Safari het uitgegaan na Dupont se plek en ons het hom daar in 'n toestand van skok aangetref. Ons het hom hierheen gebring vir mediese behandeling. Hy was volkome uitgeput want hy het dag en nag na sy vrou gesoek sonder enige sukses."

,,Dit is merkwaardig," sê die Swart Luiperd. ,,Het roofdiere nie miskien die vrou beetgekry nie?"

,,Daar is geen teken van nie," antwoord Donald Jones. ,,Inteendeel, daar is tekens dat die vrou ontvoer is."

,,Ontvoer?" Die Swart Luiperd se oë rek groot. ,,Ontvoer deur wie?"

,,Dit is wat ons graag sou wou weet," sê die Amerikaner. Donald Jones kyk pleitend na die Swart Luiperd. ,,Ek het so pas iets van jou reputasie verneem, Swart Luiperd. Ek het gewonder of jy nie bereid sal wees om ons te help nie. Hier is 'n hele paar van ons wat hierdie wêreld redelik goed ken, maar ek is bevrees ons is nie baie goed vertroud met die woude na die weste nie. Ons is maar grootwildjagters: ons is nie kenners van die oerwoud nie. Wil jy ons nie handgee nie? Hierdie is waarlik 'n tragedie."

Die Swart Luiperd twyfel. Hy kom nou so ver en hy wou 'n bietjie rus. Hy voel waarlik nie lus om nou weer 'n avontuur aan te pak nie. Dit het baie stil geword in die kroeg. Almal kyk aandagtig en afwagtend na hom. Dit is duidelik dat sy reputasie binne oomblikke soos 'n vlam deur die klein kroeg versprei het. Almal weet nou wie en wat hy is en waartoe hy in staat is. Alle oë is op hom gerig.

,,'n Vrou wat ontvoer is—dit is 'n lelike ding." 'n Vrou sal nie sonder rede ontvoer word nie, dit weet hy. Wat is dan die rede? En wie is haar ontvoerder? ,,Waar is Dupont?" vra die Swart Luiperd en die meeste van hulle wat daar staan, glimlag verlig. Donald Jones klap die Swart Luiperd tussen die skouers.

,,A!" sê hy. ,,Ek kan sien jy gaan ons help. Ek sal jou dadelik na André Dupont neem."

Sonder dat hy self daarvan bewus is, het die Luiperdman besluit om maar weer te help. Soos gewoonlik. Al is hy tot die dood toe moeg, kan hy dit nie oor sy hart kry om hierdie raaisel onopgelos te laat nie. Hy wil in elk geval meer daaromtrent uitvind. 'n Vrou verdwyn nie sommer so nie. Daar kan 'n klomp redes voor wees. En buitendien, diep in sy bloed is die avontuurlus onblusbaar. Sy hele lewe bestaan uit avontuur. Die enigste onderbreking daarin is wanneer hy by sy vrou en sy seun op sy





Transvaalse plaas rus.

Maar hier waar hy nou saam met Donald Jones in die gangetjie van die hotel af stap, besef hy dat daar voorlopig vir hom nie rus sal wees nie. Hy wil eers hierdie ding uithoor en kyk of hy daar iets aan kan doen.

Hy tref André Dupont in die bed aan. Hy is klein, donker en intens, maar op die oomblik is sy blas gelaat duidelik bleek. Hy lyk verras toe Donald Jones met die Swart Luiperd binnekom.

,,Hallo, André," sê die geniale Jones toe hy die deur toedruk. ,,Ek het vir jou 'n besonderse man saamgebring. 'n Man van die oerwoud. Laat ek jou bekendstel aan 'n Suid-Afrikaanse natuurliefhebber, die Swart Luiperd."

André Dupont steek sy hand uit en die Luiperdman groet hom. Daar is iets eienaardigs in die Fransman se oë. Iets onseker, iets onverklaarbaar selfs.

Hy hou die Luiperdman se hand styf vas. ,,Aangename kennis, monsieur," sê Dupont. ,,Mag ek my nuuskierigheid bevredig en vra waarom jy die Swart Luiperd genoem word?"

,,Wel," sê die Luiperdman. ,,Die rede daarvoor is baie eenvoudig. Ek dra soms in die oerwoud 'n swart luiperdmasker. Dit het 'n groot uitwerking op die inboorlinge en dit het al dikwels my lewe gered. Hulle glo dat ek halftier en half-mens is. Ek dra gewoonlik in sulke omstandighede 'n swart gewaad. Vandaar die naam die Swart Luiperd."

,,Hoe fassinerend," sê die klein blas Fransman.

,,André," sê Jones, ,,ek dink hierdie vriend kan jou miskien help. Ek het hom vertel van die verdwyning van jou vrou. Ek verneem dat hy die oerwoud soos die binnekant van sy hand ken. Ek dink hy is die ware Jakob om na Vivienne te soek."

Die Fransman kyk aandagtig na die Swart Luiperd wat hier voor die bed op 'n stoel kom sit het. ,,Ja," sê Dupont, ,,'n eienaardige tragedie het my getref, Swart Luiperd. My vrou het 'n paar dae gelede spoorloos verdwyn. Ek het dag en nag na haar gesoek totdat ek so uitgeput was dat ek nie verder kon nie. Dit is 'n raaisel. Dit is 'n ramp. Ek weet nie meer wat om aan te vang nie. Die polisie was al daar. Ons het 'n klein afdeling van die leër daar gehad, maar vergeefs."

Die Swart Luiperd sit baie stil en luister na die man se mededeling. Hy hou die Fransman se oë dop en hy sien dat hulle beweeglik is. Hy kyk nooit werklik waterpas na jou nie. Ja, jy kry sulke mense. Hy het hulle al dikwels teëgekom en hy weet wat die rede is vir hierdie beweeglikheid van die oë. Dit kan 'n teken van 'n

skelm en geslepe streek wees, of 'n teken van skugterheid. Hy besluit dat dit in die geval van die Fransman skugterheid is.

,,Hoe weet jy dat jou vrou ontvoer is, monsieur?'' vra die Swart Luiperd.

André Dupont sit regop teen die kussings en hy sluit sy vuiste. ,,Dit is maar 'n aanduiding wat ek het,'' sê hy. ,,In die oerwoud het ek 'n plek gekry waar my vrou se perd blykbaar geskrik het. Ek het daar ander spore gekry. My afleiding is dat sy daar voorgesit is. Sy het 'n ent gaan ry en dit lyk vir my asof hulle 'n gevlegte net oor haar gegooi en haar so gevang het. Ek het die spore probeer volg maar dit het die nag hard gereën. Al wat ek naasteby kon waarneem, is die vae verstoring onder die boom. Ons het die perd omtrent vier kilometer daarvandaan gekry. Die dier was in 'n toestand van skok en vrees.''

,,Het u enige vyande?'' vra die Swart Luiperd.

Donald Jones lag sagweg, en hy is die een wat antwoord.

,,As daar twee mense op aarde is wat geen vyande het nie, Swart Luiperd, dan is dit André Dupont en sy vrou.''

,,Dankie Donald,'' sê Dupont klaarblyklik dankbaar.

,,Jy sien,'' sê Donald Jones, ,,die Duponts is kinders van die natuur net soos jy. Hulle verkeer op 'n baie goeie voet met die inboorlinge; dokter hulle dikwels, doen vir hulle die een of ander guns. Nee, hulle het nie vyande nie.''

Die Luiperdman kyk indringend na die Fransman wat half verleë teenoor hom glimlag.

,,Kan jy aan enige rede dink waarom iemand jou vrou sou ontvoer, monsieur?'' vra die Luiperdman.

Die Fransman swyg 'n rukkie. Toe klim hy uit die bed. Hy gaan na waar sy klere oor 'n stoel hang. Uit sy baadjie se binnesak trek hy iets wat vir die Luiperdman soos 'n koerantuitknipsel lyk. ,,Miskien kan die verdwyning van my vrou iets hiermee te doen hê,'' sê hy en hy oorhandig die uitknipsel aan die Swart Luiperd.

Die kamer is baie stil terwyl die Swart Luiperd lees wat in die uitknipsel staan.

Dit is 'n brief wat aan 'n koerant geskryf is. Dit is in vlot Engels en dit lui soos volg:

Geagte Redaksie,

Ek wonder of die owerheid bewus is van die slagting onder wild in die omgewing naby die grens tussen Uganda en Zaire. Hierdie hartelose en roekelose uitroeiing van die wildlewe moet gesien word om geglo te word. Ek het die indruk dat 'n bende daarvoor verantwoordelik is en dat dit met 'n bepaalde doel gedoen word.

Ek en my vrou het hierheen gekom omdat ons die dierelewe lief het en ek moet sê dat ons diep geskok is deur hierdie skandelike uitroeiing van wild binne ons omgewing. Het dit nie tyd geword dat die owerheid sy aandag hieraan skenk nie? As die wildbewaarder van die streek hom die moeite wil getroos om my te besoek, kan ek hom neem na die aaklige begrafplase van wild wat op moorddadige wyse uitgeroei is.

Die uwe,

André Dupont.

Die Swart Luiperd vou die uitknipsel stadig toe. Toe gee hy dit aan die Fransman terug. Hierdie is 'n heel nuwe element, dit verstaan hy nou.

,,En jy meen, monsieur,'' sê die Swart Luiperd, ,,dat hierdie brief van jou in die koerant waarin jy die uitroeiing van wild onder die aandag van die owerheid bring, die aanleiding is tot die verdwyning van jou vrou?''

,,Ek glo dit vas,'' sê Dupont. ,,Ek glo dat die bende probeer om my skade aan te doen omdat ek dit gewaag het om hierdie vernieling, hierdie moord onder die aandag van die owerheid te bring. Dink jy nie dat dit moontlik is nie, Swart Luiperd?''

,,Nogal,'' antwoord die lang man. ,,Iemand wat roekeloos genoeg is om wild so uit te roei, kan ook roekeloos genoeg wees om 'n vrou te ontvoer om daardeur mag in hande te kry. ,,Ja, ek dink dit is baie moontlik, monsieur.''

Dupont kyk na die uitknipsel asof hy dit nou die eerste maal sien. Dit lyk asof hy dit bestudeer.

Die Swart Luiperd se volgende vraag laat die Fransman sy kop vinnig draai.

,,Wat laat jou dink dat dit 'n bende is, monsieur?''

,,Dit moet wees,'' sê Dupont. ,,Geen enkele persoon kan wild so uitroei nie. En daar moet 'n rede voor wees. Niemand is tog so waansinnig om wild te skiet en dit net so te laat lê nie.''

,,Watter soort wild is dit wat veral geskiet word, monsieur?'' vra die Swart Luiperd.

,,Wel,'' antwoord Dupont. ,,Hoofsaaklik leeus, renosters, seekoeie, krokodille en daarby ook gorillas.''

,,Nie wildsbokke nie?''

,,Nee,'' sê Dupont. ,,Ek kan nie sê dat daar 'n groot slagting

onder wildsbokke is nie. Dit het veral te doen met die diersoorte wat ek so pas opgenoem het.''

Die Swart Luiperd frons. Hy dink nog aan 'n klomp dinge tegelyk. Kan dit wees. . . kan dit wees?

Nee, die moontlikheid stel hy uit sy gedagtes. Hy kan nie glo dat dit so kan wees nie.

En tog, die gedagte wil hom nie verlaat nie. Dit ontstem hom so dat hy opstaan en voor die venster gaan staan. ,,Monsieur,'' sê die Luiperdman, ,,hierdie wild wat geskiet word—word dit net so laat lê of word van die vleis gebruik?''

Dupont swyg so lank dat die Luiperdman omdraai. Toe eers antwoord die Fransman.

,,Nee,'' sê hy, ,,die karkasse word net so laat lê. In baie gevalle word die velle afgeslag maar soms ook nie. Af en toe word horings verwyder of tande maar oor die algemeen lyk dit my asof die karkasse feitlik net so laat lê word.''

Die Luiperdman vryf oor sy nek. ,,Het die owerheid toe kom ondersoek instel, monsieur?''

,,Ja,'' sê Dupont. ,,Die wildbewaarder en 'n paar handlangers het gekom maar ek dink nie hulle het veel uitgevoer nie. Vir hulle is dit net so 'n raaisel soos vir my.''

Die Swart Luiperd kom staan weer hier by die stoel. Dupont kyk na hom op. ,,Gaan jy my help, monsieur? Jy wat die oerwoud so goed ken, gaan jy my help?''

,,Ek gaan jou probeer help,'' antwoord die Luiperdman. ,,Ek sal doen wat ek kan, monsieur.''

En toe hy dit sê, weet hy nie wat hy kan doen nie. Die vrou het blykbaar 'n hele paar dae gelede verdwyn. As dit so is dat sy ontvoer is, kan sy teen hierdie tyd baie ver wees. En tog wil hy hierdie raaisel nie so nalaat nie. Hy wil tog kyk of hy dit nie kan ontrafel nie.

,,Wat is die eerste wat jy wil doen, monsieur?'' vra André Dupont.

,,Die eerste,'' sê die Swart Luiperd, ,,is dat ek na jou plek wil gaan, monsieur. Ek wil gaan kyk hoe dit daar lyk. Ek wil na die plek gaan waar jou vrou ook blykbaar gevang is.''

,,Wanneer?''

,,Môreoggend sodra dit lig word, monsieur.''

,,Ek sal jou met my motor neem,'' bied Dupont aan.

,,Nee, dankie,'' antwoord die Swart Luiperd. ,,Ek reis op my eie. Jy kan my net beduie waar dit is. Ek sal my weg vind.'' Toe groet hy Dupont en stap uit, gevolg deur Donald Jones.





,,Wat dink jy van die besigheid, Swart Luiperd?'' vra Jones.

,,Ek dink hier is iets hoogs eienaardigs aan die gang,'' antwoord die Oerwoudman. ,,Die slagting van wild soos Dupont vertel, moet 'n goeie rede hê. Daar moet 'n doel voor wees. Maar wat dit is, dit kan ek my nie versin nie. Ek moet eers gaan kyk.''

Donald Jones neem sy hand. ,,Dankie dat jy bereid is om te help, ou kêrel,'' sê Jones. ,,Ek hoop jy slaag.''

Die Swart Luiperd stap uit in die aand en daar is in hom die vreemdste gewaarwording. Daar is iets eienaardigs en onverklaarbaars in hierdie hele situasie. Hy voel meteens haastig om by André Dupont se plek te kom om te sien wat daar gaande is.

Onder 'n boom buite die hotel staan sy groot swart hings Donker. En toe hy naderkom, spring sy twee luiperds Spikkels en Simson ewe opgewonde teen hom op.

,,En toe,'' sê die Luiperdman, ,,waarom so opgewonde? Of het julle ook gehoor dat ons 'n nuwe avontuur het?''

Voordat hy die hotel vanaand binnegegaan het, het hy reeds gereël vir voer. Hy gee dit nou aan Donker. In 'n sak in 'n mik, is daar 'n groot stuk wildsvleis. Hy trek sy jagmes uit en sny dit middeldeur vir Simson en Spikkels. Toe dit klaar is, draai hy om en gaan die hotel binne om te gaan rus.

Maar hy raak nie so gou aan die slaap as wat hy verwag het nie. Al is hy so moeg, kan hy maar net nie aan die slaap raak nie. Hy wonder hoe die vrou lyk—hierdie Franse vrou wat verdwyn het. Hy dink aan die verhaal van die wild wat so uitgeroei word. En dit laat hom wonder . . . dit laat hom wonder sodat hy met oop oë lê tot feitlik middernag.